

Dink aan 'n plek waar vullis verbrand word. Jy het dalk al sulke plekke gesien.



Figuur 6: 'n Brandende vullishoop

1. Hoe lyk die grond?

2. Hoe lyk die lug?

3. Hoe ruik die lug?

Hoe kan ons mense keer om plastieksakke weg te gooi?

Gevallestudie: die negatiewe impak van plastieksakke op mense en die omgewing

Gedurende die afgelope twee weke het jy heelwat gelees en geleer oor die invloed van plastiekmateriale op mense en die omgewing. Hou dit in gedagte terwyl jy die volgende vrae beantwoord.

1. Wat kan gebeur as 'n dier 'n plastieksak eet?

2.

1. Wat gebeur met mense en diere wat die gas inasem wat afkomstig is van brandende plastiek?

2. Waar gaan die rook en gase heen nadat die vuur uitgebrand het?

3. Wat bly op die grond agter nadat die plastiek uitgebrand het?

-
3. Waarna lyk dit as daar 'n klomp plastieksakke om jou huis by die skool, in die straat of in die veld rondlê?
-

4. Kyk na die foto hieronder:



Figuur 7

Wat kan gebeur as plastieksakke in 'n rivier of stroom beland?

5. Wat gebeur met plastiek wat vir 'n lang tyd in die water lê? Verander dit?
-

Verslag: vermindering van die negatiewe impak van plastieksakke

Tot in 2003 het winkels in Suid-Afrika gratis plastieksakke aan kopers gegee om hul inkopies te dra. Hierdie sakke was baie dun en het maklik gebreek. Dit het veroorsaak dat mense die sakke weggegooi het nadat hulle gebruik is.

Die regering wou plastiekafval verminder en vanaf 2003 is winkels verbied om gratis plastieksakke aan kopers te verskaf. Die gebruik van baie dun plastieksakke is ook van toe af onwettig.

Sedertdien moet kopers betaal vir sterker plastieksakke wat herhaaldelik gebruik kan word. Alhoewel die sakke steeds dun lyk, is hulle nie so dun soos die sakke wat voor 2003 gebruik is nie. Baie kopers verkies om nie nuwe sakke te koop nie en neem eerder hul ou inkopiesakke winkels toe.

Dit is ook makliker vir herwinningsfabrieke om die nuwe, dikker plastieksakke vir hergebruik te **herwin**. Dit help egter net as mense hul vullis in afsonderlike houers sorteer sodat die plastieksakke na die herwinningsfabriek gestuur kan word.

Dink weer aan wat jy gesien het toe jy na die inhoud van vullisblikke en vullissakke en na plastieksakke wat buite rondlê gekyk het.

Skryf 'n verslag van 'n halwe bladsy hieroor hieronder, waarin jy die volgende vier vrae beantwoord:

1. Dink jy om mense vir dikker, herbruikbare plastieksakke te laat betaal help om die hoeveelheid plastieksakke wat mense weggooi te verminder?
2. Is daar nog winkels wat dun plastieksakke gratis weggee?
3. Watter persentasie mense dink jy hou hul plastiekafval afsonderlik van hul ander afval, en nie saam met hul ander vullis nie?
4. Is daar ander dinge wat mense kan doen om te sorg dat minder plastieksakke weggegooi word?

Bron: Sasol Inzalo Werkboeke



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

sasol
reaching new frontiers



SIYAVULA
TECHNOLOGY-POWERED LEARNING



UKUQONDA
i n s t i t u t e